Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

8 Maart 2026

Bedieningstema vir 2026: GKPO saam met God op pad ...

(Sien illustrasie van die Bedieningstema teen die muur)

09:30 OGGENDEREDIENS:
Student Stephan Olivier

Tema: Die Here oordeel regverdig en ontferm Hom genadig; daarom roep Hy sy volk om Hom te vertrou en te volhard in geloof.

ONTMOETINGSDIENS
Intreelied Ps. 95 - 1: 1, 3; Votum; Seëngroet (biddend); Loflied Ps.146 - 1 :1, 3;
Belydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis

VEROOTMOEDIGINGSDIENS
Wet: Matteus 22: 34 - 40; Lied na die wet Ps. 119 - 1: 1, 3; Gebed.

WOORDDIENS
Skriflesing: Jeremia 12:1-17;
Teksvers Jer. 12: 15; Sing Ps. 73 - 1:1,10 (Kinders gaan na hulle bediening); Woordverkondiging.

ANTWOORDDIENS
Gebed; Liefdegawe (Groot en klein boks: Diakonie); Slotlied Ps. 62 - 1 :1, 5; Wegstuurseën (biddend); Amenlied
Sb. 13 - 2.

GROEPBEDIENING
Groepbedieninge gaan voort soos deur groepe gereël. Gespreksriglyn is aan groepleiers deurgegee.

GEBEDSRIGLYN
Almagtige God en Hemelse Vader

U sê dat U, selfs ná oordeel, U weer oor U volk sal ontferm en hulle sal laat terugkom na hulle besittings, elkeen na sy land toe. Here, ons hou vas aan hierdie belofte van U ontferming en herstel.

In 'n wêreld wat dikwels soos 'n "digte bos aan die Jordaan" voel - onvoorspelbaar, moeilik, en selfs gevaarlik - bid ons dat U ons elkeen se geloof sal versterk. Gee ons die genade om nie net in vreedsame tye op U te vertrou nie, maar juis wanneer die lewe ons uitdaag om "teen perde te hardloop."

Here, U belowe om te herstel wat verlore is. Ons bid en pleit vir almal wat vandag ontwortel voel, wat ver van hulle "besittings" of hulle "land" is - of dit nou fisies, emosioneel of geestelik is. Mag elkeen U ontferming ervaar en deur U teruggebring word na 'n plek van vrede en sekerheid in U.

Dankie dat U nie net 'n God van oordeel is nie, maar 'n God van ontferming en herstel.

Leer ons om U alleen te dien en te vertrou omdat ons ten volle wil deel wees van U familie.

In Jesus se Naam, Amen.

MEELEWING

- Martin Bester se pa is Donderdag na ‘n lang siekbed oorlede. Ons dra hulle aan die troos van die Here op.
- Tobiana Willemse het hierdie week baie goeie nuus ontvang. Intensiewe ondersoek het aangedui dat daar nie kanker in haar brein is nie. Ons dank die Here daarvoor. Graad 2 borskanker is wel gediagnoseer wat met hormoon-behandeling aangespreek sal word.
- Susan Pretorius se operasie het goed afgeloop en sy sterk tuis aan.
- Griet du Preez is uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan.
- Christo van der Walt ondergaan komende week behandeling vir sinusprobleme.
- Etienne Delport gaan Donderdag vir ‘n angiogram in Wilmed Park Hospitaal.

ONS BID DIE HERE OM GENESING EN UITKOMS VIR AL ONS LIDMATE WAT DEUR SIEKTE EN BEPROEWING GAAN.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET VOLGEHOUE SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Bettie Niemand, Rita Schutte, Elma Leijenaar, Emily Hefer, Jaap van der Walt en Evelyn Schutte.

ONS VERWELKOM VIR

Ian en Celesté van der Walt vanaf GK Harrismith. Ian het hier in ons gemeente grootgeword en ons is bly hulle vestig nou hier. Hulle woon in Willow Manor nr 31, Groep 29.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening en
Gr. 1-4 Kinderbegeleiding
Muntlegging
Katkisasie: Les 7
Koffie, tee en sap
16:00 Hoërskooljeug: Koffie-kuier
Kleingroepbediening

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10
18:30 Belydenisklas en ouers vergader

Woensdag
17:45 Bybelstudie: Studente en jong werkendes - Zanro de Beer
18:00 Katkisasie Gr 11

Donderdag
(kerkkantoor eers later oop - kontak Adele op 067 713 2332)
17:30 “Griefshare”
Ouderlinge: Blokvergadering
17:30 Blokke A en B
18:30 Blokke C en D

Vrydag
(kerkkantoor eers later oop - kontak Adele op 067 713 2332)

Volgende Sondag
Belydenisaflegging
Kerkraadsvergadering: Begroting 2026 - 27

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teologiese studentekas.
- Diensbeurt: Groep 5 en 6.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 8 Maart
Jbr Michael de Klerk
Br Anton Grovè *
Jbr Adriaan Pretorius

Dinsdag, 10 Maart
Br Sydney Eckley
Jbr Daniël Heystek

Woensdag, 11 Maart
Br Neil Delport
Sr Marna Naudé

Donderdag, 12 Maart
Sr Beatrix Coetzee *
Br Lukas Niemand
Sr Rita Schutte *
Jbr Etienne Steenkamp

Vrydag, 13 Maart
Br Hennie Kilian

Saterdag, 14 Maart
Jbr Rico Heystek
Sr Marthie Schoeman
Jsr Carli Styger
Sr Em Volschenk *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

MUNTLEGGING VIR KATKISASIEKLASSE: SUSTERS SE "BLIKKIES WARMHARTE"-PROJEK

Ons susters het houertjies by die katkisasieklasse uitgedeel, waarin kinders en ouers spaar om 'n muntlegging te hou - **vanoggend, na die oggenddiens**. Hierdie fondse sal gebruik word vir die "Blikkies Warmharte"-projek van die Susters, waarmee daar uitgereik word na lidmate wat deur beproewing gaan, deur bv. etes te verskaf of geskenke van troos te bring.

GKSA-NUUS

Beroep aanvaar
Ds XO (Xolisa) Matrose van GK Kanyamazane na GK iBhayi.

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie. Laai eers die Zapper-App af om hierdie QR te gebruik sb.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 067 713 2332
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos (Kerkraad)
ABSA, Tjekrek: 670 340 066

Diakonie
ABSA, Tjekrek: 670 280 160

Susters
FNB, Tjekrek: 631 043 29130

SUSTERS

PSALM 46:5.
"GOD IS IN HAAR MIDDE, SY SAL NIE WANKEL NIE. GOD SAL HAAR HELP WANNEER DIE OGGEND AANBREEK."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb. net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Susan Lourens en groep 4, Estelle v Hamburg en groep 13, Esta du Plooy en groep 22, asook Gizelle Alberts en groep 27.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig. Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BANKBESONDERHEDE: FNB, Tjekrek: 631 043 29130

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus daardie kleingeld wat julle opgegaar het, vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

NAGMAALETE

Skryf solank jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur!

KWARTAALPROGRAM

EERSTE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
15 Maart	Sondag	09:30	Alle susters	Belydenisaflegging
15 Maart	Sondag	18:30	Blok C	Ouderlingverversings
22 Maart	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Oosdoppertjie-Jeugbediening

BEDIENING VIR VOORSKOOLSE JEUG TYDENS EREDIENSTE

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3 jr tot Gr. R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

KINDERBEGELEIDING: GRAAD 1 - 4

Ons herinner ouers wat daarvan gebruik wil maak, dat daar vir kinders van gr. 1 - 4 Woordbediening aangebied word tydens die duur van die preek in die erediens. Hulle beweeg saam met die kleuters voor die preek uit na die Skuur en keer weer na die preek terug na die erediens.